

IS AFRIKAANS 'N MOOI TAAL?

Ek wil vandag met u die vraag bespreek of Afrikaans 'n mooi taal is. Dis 'n moeilike vraag en 'n soort vraag waarop 'n mens gewoonlik nie 'n onbevooroordeelde antwoord kry nie. Vra maar voor die hand 'n Engelsman, 'n Fransman, 'n Duitser, 'n Italiaan, of iemand van enige ander nasionaliteit, of sy moedertaal mooi is en hy sal u sonder aarseling 'n bevestigende antwoord gee. By 'n rondvraag sal die meerderheid waarskynlik erken dat daar nog 'n paar ander mooi tale is en waarskynlik wys op verskeie lelike tale ook, maar hoogs waarskynlik sal niemand wil erken dat sy eie taal tot die lelikes behoort nie. Waaruit al dadelik blyk dat die antwoord nie op 'n onpartydige beoordeling van feite gebaseer is nie, maar op vooroordeel. Dis die gevolg, nié van waarneming nie, maar van napraat, patriotisme, chauvinisme. By Afrikaners gaan die chauvinisme in hierdie opsig miskien nie so ver as by die meeste ander volke nie, want afgesien daarvan dat dit vernietig word deur die minderwaardigheidsgevoel wat 'n siekte is by so baie van ons, is daar nog die ou tradisie wat Nederlands 'n pragtige taal noem en Afrikaans dan by implikasie na die agtergestoelte verwys. In werklikheid is hierdie oordeel egter ook nie 'n skoonheidsoordeel nie, maar die gevolg van die Afrikaner se bewondering vir die Nederlander se vermoë om vinnig en sonder aarseling 'n reeks verbuiginge te gebruik wat die Afrikaner verbyster. Daarenteen kry ons in die laaste tyd ook ons Afrikaanse Chauviniste wat Afrikaans die mooiste taal op die wêreld vind eenvoudig omdat dit Afrikaans is; maar gelukkig

kry ons daarby darem ook meer en meer mense wat hulle daarop toelê om Afrikaans so te gebruik dat dit werklik mooi sal wees.

Nie alleen is elke spreker oor die algemeen ten gunste van sy eie taal bevooroordeel nie, maar hy is dit selfs ten gunste van die vorm daarvan wat hy self gebruik. So vind die Transvaler die *bien* en die *boem* van die Bolander lelik en die Bolander vind die *beən* en die *bo m* van die Transvaler afskuwelik; maar geen van beide sou enige beswaar hê teen dieselfde vokaalklanke in 'n ander taal nie. Sodra 'n mens 'n taal ken, kom daar dus ook ander elemente voor die dag wat meehelp om jou bevooroordeel te maak en jou verhinder om 'n suiwere skoonheidsoordeel te vel.

Dit lyk of 'n mens nog die mees onpartydige oordeel oor die relatiewe skoonheid van 'n aantal tale sou kry as jy 'n fyn opletter wat die tale hoegenaamd nie ken nie, moes laat luister na persone wat hulle gebruik. Maar ook sy oordeel sou nog nie volkome betroubaar wees nie, want dieselfde taal sal in die mond van een persoon mooi klink en in die mond van 'n ander lelik. Het dit ons nie al almal oorkom nie dat ons getref word deur die skoonheid van die klanke bv. in Zoeloe, of Frans, of 'n ander taal wat ons nie ken nie, soos dit uit die mond van 'n bepaalde spreker gehoor word, terwyl daardie skoonheid by ander sprekers afwesig is?

Is daar dan geen objektiewe maatstaf wat ons kan aanlê nie? Hoe sal dit wees as ons die afsonderlike klanke ontleed? Sou ons nie kan sê dat party klanke lelik en ander mooi is, en dat die skoonheid van 'n taal bepaal word deur die voorkom van hierdie klanke respektiewelik nie? Nee, hier bou ons op net sulke los sand. Die Amerikaanse neusklanke klink lelik in die ore van die Engelsman en in ons eie ore, maar sulke neusklanke is vir ons pragtig in die mond van 'n Fransman — 'n duidelike bewys dat ons hier weer met

vooroordeel te doen het. Hoe sou ons dan onbevooroordeeld kan sê of ons eie neusklanke mooi of lelik is? Ons wat van ander plekke afkomstig is, vind die breiklanke van Malmesbury en Caledon lelik, en tog is brei in Frankryk en in sommige dele van Holland en Duitsland 'n teken van die hoogste verfyning en beskawing. Brei op sigself is dus ook nie lelik nie; hoogstens sou ons kon sê dat party mense op 'n lelike manier brei.

Nee, die analiseer van die afsonderlike klanke kan ons ook nie al te ver bring nie, veral ook nie omdat die kombinasie van klanke 'n groter rol speel by die skoonheidsindruk of andersins wat die taal van 'n spreker maak, as die afsonderlike klanke. Onder kombinatoriese klankaspekte dink ons veral aan die klankrykheid, die toonsbeweging en die ritme van 'n taal.

Klankrykheid speel 'n groot rol by die sing; by die praat is dit miskien nie so belangrik nie, maar oor die algemeen sal ons tog kan sê dat hoe klankryker 'n taal is, hoe welluidender dit is, ook by die praat. Die klankrykheid hang grotendeels af van die verhouding van die aantal vokaalklanke tot konsonante. Die vokale is die klankrykste; hoe meer vokaalklanke — relatief gesproke — hoe klankryker en hoe welluidender 'n taal dus. So is die aantal vokale in vergelyking met die aantal konsonante in 'n gemiddelde stukkie prosa in Italiaans, 'n taal wat beroemd is vir sy klankrykheid en sy geskiktheid om gesing te word, besonder groot. Ondersoekinge oor die relatiewe aantal vokale teenoor konsonante in vyf Europese tale wat as baie welluidend beskou word, het aan die lig gebring dat Italiaans bo-aan staan, en daarna kom Spaans, Frans, Russies en Duits in hierdie volgorde. Hollands staan tussen Russies en Duits. Volgens enigsins onvolledige ondersoekinge deur my gedoen, staan Afrikaans tussen Russies en Frans, dus hoër as Duits, Hollands en Russies. In hierdie opsig

maak Afrikaans dus 'n baie goeie vertoning; maar ons moet onthou dat dit nie die enigste element is wat die klankrykheid van 'n taal bepaal nie. So kom onder die vokale, die dowwe, weinig-klankryke ə-klank, in Afrikaans, soos in alle Germaanse tale, besonder veel voor. En nie alleen is die stemlose konsonante besonder sterk verteenwoordig nie, maar selfs die sg. stemhebbendes is dikwels weinig stemryk.

Kom ons nou by die toonsbeweging van 'n taal, dan betree ons weer 'n baie gevaarlike gebied. Nie alleen het ons hier iets wat besonder moeilik is om te ondersoek nie, maar ook die waardebepaling is onseker. 'Hollanders wat my Afrikaans hoor praat het, het die sangerigheid van ons taal geprys; maar dieselfde Hollanders spot met die sangerigheid van party van hul eie dialekte, soos Rotterdams.

Ritme weer — soos ten dele ook sangerigheid — is iets wat baie sterk individueel is. Die hoogste vorm van ritmiese taal kry ons by die digter, en elke taal het sy digters. Maar dieselfde taal wat die mees meeslepend-ritmiese gedigte aanbied, het ook sy hakkelaars en stotteraars. Elke volk het egter ook sy begaafde sprekers wat selfs in die daaglikse omgang hul sinne met so 'n ritmiese gang laat voortbeweeg dat hul taal onwillekeurig die strelende indruk van skoonheid by hul toehoorders laat ontstaan.

Om op te som, het ons dus gesien dat dit onmoontlik is om 'n in alle opsigte bruikbare objektiewe maatstaf aan te lê vir die bepaling van die skoonheid van 'n taal. 'n Taal leef alleen in die gees en die mond van 'n aantal individue. Dit hang dus van die individu af of hy sy taal noukeurig, ritmies, sangerig, klankvol, mooi, gebruik. Die individu moet ook sorg dat hy geen aanstoot gee aan sy eie taalgenote deur klanke te gebruik wat, hoewel op hulsself nie lelik nie, tog vir onbeskaaf geld. Die grondlaag van Afrikaanse klanke bevat wat klankrykheid

betref, ook kombinatories, alle elemente wat nodig is vir welluidende aanwending. 'n Vergelykin van Afrikaans as geheel met ander tale as geheel, is haas onmoontlik. Maar ons kan wel sê dat een spreker van Afrikaans mooier praat as 'n ander spreker van Afrikaans of as 'n bepaalde spreker van 'n ander taal. Dit is dus die plig van elke liefhebber van sy taal om hom daarop toe te lê dat dit mooi sal klink in sy mond. As dit 'n algemene strewe word, dan sal ook die algemene indruk op vreemdelinge wees dat ons 'n mooi taal het. •

LITERATUUR

D. C. HESSELING: *Welluidendheid van Taal* (Nieuwe Taalgids I); L. SÜTTERLIN: *Werden und Wesen der Sprache* (Quelle und Meyer, Leipzig).

HOE LEER ONS PRAAT?

Praat is 'n werksaamheid wat ons so ongemerk die hele dag deur verrig dat ons haas onbewus daarvan is en ons nouliks kan voorstel hoeveel die aanleer van hierdie ingewikkelde kuns in ons kinderdae van liggaam en gees geverg het. Laat ons, om dit enigszins te kan besef, 'n bietjie analiseer wat daar werklik gebeur wanneer twee persone met mekaar gesels. A sê iets en B verstaan dit. Dit wil sê A het deur sekere beweginge van die spraakorgane, trillinge of golwe in die lug laat ontstaan. Hierdie trillinge is deur die trommelvlies van B se oor opgevang en vandaar deur sekere spiertjies na die harsings toe deurgestuur, waar hulle as klanke geïnterpreteer en geregistreer is. Maar daarby het B nog 'n ander, geestelike, arbeid verrig: hy het die klanke in groepe — woorde genoem — ingedeel, en daar betekenis aan geheg, en hierdie groepe betekenisklanke het hy weer verbind tot groter eenhede, sinne, ieder waarvan iets vir hom meegedeel het, en so weet hy presies wat A bedoel het — nie alleen sy gedagtes nie, maar ook die gevoelskakeringe wat hy wou te kenne gee. En nou gaan B sy antwoord gee. Sy gedagtes en gevoelens kom daarby in die spel, en ook sy wil, want hy wil nou praat. Hy verlang om sekere klanke voort te bring, juis dié klanke wat aan A sal vertel wat hy wens om mee te deel. Daarvoor stuur sy harsings bevele uit aan sy spraakorgane, en die spraakorgane maak presies die regte bewegings om die verlangde klanke voort te bring, en nog wel so dat daar 'n sekere intonasie en 'n

sekere ritmiese beweging in die sinne is, en 'n bepaalde tyd verloop tussen die betoonde lettergrepe.

Hierdie ingewikkelde werksaamheid leer ons in hoofsaak aan in die eerste drie jare van ons lewe. „Die opnemingsvermoë van die kind is iets wonderbaars,” sê Meillet. „In sy eerste drie lewensjare verwerf hy meer kennis as in al die andere saam. Die volkomenheid van die aanwinste wat hy in die eerste tydperk maak, oortref die van wat later verwerf kan word.”

Dit is dan seker ook die moeite werd om na te gaan hoe hierdie aanleer-proses plaasvind en dit wil ons dan nou met u doen. Om dit meer persoonlik te maak, sal ons veronderstel dat ons te doen het met 'n pasgebore seuntjie wat ons Jannie sal noem. Jannie is 'n gemiddelde kind, want daar is ander kleintjies wat vinniger en ook party wat stadiger leer.

Gedurende die eerste weke na sy geboorte is Jannie nog feitlik onbewus van die buitewêreld, maar hy suig asem in en stoot dit weer uit, en hierdie asem gaan by sy stembande verby, en as hy nie heeltemal lekker voel nie, dan druk hy die stembande nader na mekaar toe en daar ontstaan klankies: ě-ě-ě. Hy is nog in die skreiperiode, maar dit dien as vooroefening vir die praat.

As Jannie nou van ses weke tot twee maande oud is, begin hy meer plesier in die lewe te skep. As hy lekker skoon gewas is en hom dik gedrink het, dan glimlag hy. Hy lê op sy rug en skop met sy pootjies in die lug en uiter brabbelklankies. Hulle het nog geen betekenis nie, maar hy het daar plesier in. Op dié manier oefen hy sy spraak- en sy gehoorsorgane. By die begin is dit nog maar net die gevolg daarvan dat hy binnekant lekker voel, maar as hy sowat drie maande oud is, begin hy ook dinge in die buitewêreld op te merk. Hy herken die gesigte en stemme van sy huisgenote en dit gee hom plesier; vir andere weer is hy bang. Sy wisselende gevoelens kom tot uiting deur middel van aparte klankies.

Met hierdie kennismaking met die buitewêreld gaan ook gepaard die ontwaking van sy willetjie. Nie alleen met gehuil nie, maar ook met bepaalde ander klankies gee hy te kenne dat iemand of iets hom nie aanstaan nie en moet vertrek; met ander gee hy weer te kenne dat hy behaer skep in wat hy waarneem.

As Jannie sowat ses maande oud is, begin hy vir die eerste maal klanke van andere na te sê. Die betekenis van die klanke verstaan hy egter nog nie; dis maar gedagtelose napraat. Van lang woorde sê hy maar net die laaste stukkie. Woordjies soos *pa* en *ma* leer hy voluit nasê en die ouers is baie trots dat hy al kan praat, maar in werklikheid weet hy nog gladnie wat die klanke beteken nie. En tog het hy al groot vordering gemaak, want ons moenie dink dat hy dit somar met die eerste probeerslag reggekry het om die regte bewegings met sy spraakorgane te maak om hierdie klanke voort te bring nie. In die eerste brabbelperiode het hy al so stadigaan begin agterkom wat die uitwerking van sekere bewegings is, en nou dat hy bewus wil naboots maak hy nog baie foute. Maar iedere beweging van die spraakorgane en iedere klank wat met die oortjies opgevang word, word in die harsings aangeteken en so leer hy om stadigaan sy foutjies te verbeter.

Hierdie brabbeltaal, hierdie oefeninge in die gedagtelose nasê van gehoorde klanke, duur voort tot hy ongeveer 'n jaar oud is. Hy leer in dié tyd selfs klankkombinasies in die vraagtoon sê. Maar daarna gaan hy stadigaan 'n betekenis aan woorde heg. Dit wil dus sê, eers as Jannie 'n jaar oud is, begin hy—in die eintlike sin van die woord—te praat. In die eerste tyd besef hy nog nie dat die woorde name is vir dinge nie, maar hy assosiëer klank en ding. As hy 'n stoel sien, sê hy „toel” en bedoel daarmee waarskynlik: „Daar is 'n stoel.” As hy „mama” sê, bedoel hy miskien: „Ma moet hiernatoe kom.” Klanknabootsende woorde, soos die

hauf-hauf, die *tik-tik*, ens., val baie in die smaak, omdat hy 'n natuurlike verband tussen die ding en die klank voel. Natuurlik is daar baie ander woorde waar daar nie so 'n natuurlike verband bestaan nie, maar die indrukke wat in hierdie tyd op sy gemoed gemaak word, is baie sterk, en bly dikwels sy lewe lank voortbestaan. Hy voel die woord en die ding as een: die naam is vir hom 'n soort van eienskap van die ding. Hierdie gevoel tref ons dikwels nog by ouer mense ook aan. Dit word bv. vertel dat 'n man eendag sy bewondering uitgespreek het vir die manier waarop Adam sy taak verrig het toe hy name gegee het aan al die diere. „Hoe het hy dit reggekry,” het hy gesê, „om aan elke dier die regte naam te gee? Met 'n vark was daar wel nie moeilikheid nie. Iedereen kan sien dat dit maar 'n vark is. Maar wat van 'n skaap, en 'n os, en 'n perd, en al die ander diere?”

Maar om nou terug te keer na Jannie toe, ons merk op dat hy dit in hierdie tyd nog baie moeilik kry met die uitspraak: hy praat lelik krom. 'n *r* kan hy nie uitspreek nie. Vir *kyk* sê hy *tyt*, *stout* is in sy mond *tout*, *melkies* is *mekkies*, ens. Ook maak hy maar net sinnetjies van een woord en hier kan die grootmense weer iets van hom leer. Daar is nog baie ou grammatikas wat ons vertel dat elke sin minstens twee woorde moet hê, 'n Onderwerp en 'n Gesegde. Jannie lewer vir ons die bewys dat dit nie so is nie, dat inteendeel die taal van elke mens begin met sinnetjies van een woord. Jannie is nog deur en deur 'n gevoelsmens en sy sinnetjies is hoofsaaklik gevoelsuitinge. As hy sê: „Mama,” dan beteken dit waarskynlik: „Daar is mama,” of „Ek is bly om mama te sien.” As hy 'n suur gesig trek en sê: „Seep,” dan bedoel hy waarskynlik: „Ek hou nie van seep nie; vat dit weg.”

Ons seuntjie word 18 maande oud en nou begin hy 'n ander groot verowering maak. Tot nog toe het hy alleen van dinge gepraat wat by hom was en wat hy dus maklik met hulle name verbind het. Maar nou gaan hy

ook praat van dinge wat hy nie kan sien nie. Hy sal bv. sê: „Toel!” en daarmee bedoel: „Ek wil ’n stoel hê.” Dink wat hieraan alles moes voorafgegaan het! — Hy het in sy gees ’n gesigsbeeld gevorm van ’n stoel. Ook het hy ’n gehoorsbeeld gevorm van die naam „toel” wat daar altyd gepaard mee gaan. Nou wil hy ’n stoel hê en hy is in staat om die beeld van die voorwerp op te roep, en ook die beeld van die klanke, en vervolgens die twee beelde met mekaar te verbind en die klanke uit te spreek. ’n Geweldige prestasie vir so ’n klein mannetjie wat nog nie al te lank oor die drumpel van die bewussyn getree het nie!

En nou volg die een prestasie op die ander. Hy begin nou ook sinnetjies van twee woorde maak. Hy sê bv.: „Mamma, tol” = Ma, ek het ’n tol; „Sussie, melk” = Sussie, ek wil melk hê; of: „Dit toel”; „Dit waentjie” = Dit is ’n stoel; Dit is ’n waentjie. Hy leer ook Werkwoorde gebruik en sê: „Jannie hê” = Jannie wil dit hê”; „Jannie tyt” = Jannie wil dit sien, ens. Eindelik leer hy ook om twee voorwerpe met mekaar te verbind, en sê bv.: „Pop baba” = Die pop is ’n baba. Sy bewussyn word dus groter, en daar kan twee woorde gelyk in wees. So is hy in staat om allerlei eenvoudige sinnetjies te maak en sy kennis brei steeds uit. Voor hy twee jaar oud is, kan hy al *ek* en *my* gebruik en verskeie Byvoeglike Naamwoorde, Bywoorde, en Telwoorde. As hy omstreeks twee jaar is begin hy langer sinnetjies te maak, sinnetjies met ’n Voorwerp, met ’n Bepaling. Ook verstaan hy al die genitiefsverhouding, want hy sê bv. „Piet hand seer” = Piet se hand is seer; en hy begin ook verbuigings aanleer: hy maak bv. verskil tussen *lepel* en *lepels*, tussen *schoen* en *schoene*, maar hy struikel nog dikwels en praat bv. van *schoens*, of sê: „My vingertjie is pyn,” en: „Dis nog pyner.” Hy maak naamlik gedurig vorme na analogie van die wat hy ken, en sy woordorde is dikwels verkeerd: „Jannie soppies wil nie hê.”

As Jannie 2½ jaar oud is begin hy al sinne met Bysinnetjies daarin maak en dan begin hy ook worstel met 'n ander groot moeilikheid van die lewe. Tot nog toe was sy hele lewe net op homself gekonsentreer, maar nou ontdek hy dat daar ook ander persoonlikhede is. Hy begin dus ook te praat van *gy* en *hy*. Hy tree buite homself en leer hierdie Voornaamwoorde gebruik, en as hy drie jaar oud is kan hy dit al byna heeltemal suiwer doen. In hierdie tyd ontwaak die vraaggees ook sterk by hom. Hy wil die rede van alles weet en vra gedurig: „Kom dit,” „Kom nie,” ens.

Met die end van sy derde lewensjaar het Jannie die vernaamste moeilikhede van die spreekkuns oorwen. Hy kan uiting gee aan sy innerlike lewe; hy kan, sover hy behoefte daaraan het, mededeling doen aan andere en andere verstaan: hy het 'n lid van die maatskappy geword. Natuurlik is daar nog baie wat krom en gebrekkig is, maar tussen sy derde en sy vyfde jaar leer hy geweldig vinnig. Hy verbeter bv. sy krom uitspraak en verkeerde woordorde. Hy leer onderskei tussen teenswoordige, verlede en toekomstige tyd. Hy leer langer en ingewikkelder sinne maak, met Voegwoorde en Betreklike Voornaamwoorde. Deur middel van samestelling en afleiding vorm hy self woorde na analogie van woorde wat hy ken. Hy maak selfs op sy eie manier woordafleidinge. En so kom dit dat wanneer hy met sy sesde jaar skooltoe gaan, hy sy moedertaal reeds vrywel korrek praat. Natuurlik het hy dit nie alleen van sy moeder geleer nie, maar vader, broertjies en sussies, omies en tannies, bediendes en speelmatertjies, het almal hulle deel bygedra. Kortom, dis die taal van sy hele omgewing, eerder as net die taal van sy moeder wat hy praat. Die aanleer van sy moedertaal hou egter nie daarmee op nie. Tot die dag van sy dood leer hy nog steeds die gebruik daarvan aan, ooreenkomstig die peil van sy ontwikkeling.

Kindertaal is iets wat vroeër nie die moeite werd beskou is om te bestudeer nie. Die moderne wetenskap het egter ingesien dat ons hier die begin, die genesis, van die grootmenstaal het, en in baie lande het taalgeleerdes hulle toegelê op 'n deeglike studie van die spraak van die kind. Ook in Suid-Afrika is die belang daarvan al lank besef en taalgeleerdes, soos prof. Bosman *) en andere, het hulle daarop toegelê om baie verskynsels in Afrikaans daaruit te verklaar. In hoofsaak lê die veld egter nog braak en vaders kan daar gewoonlik maar min aan doen, omdat hulle die kind te min sien. Hier moet die moeders ons te hulp kom, hulle wat die kinders elke uur van die dag rondom hulle het, en dus in die geleentheid is om alles noukeurig op te teken. Daar is nog baie spesifiek Afrikaanse dinge, wat 'n ondersoek vereis: Hoe word die Afrikaans van 'n kind wat in 'n tweetalige omgewing opgroei bv. beïnvloed deur daardie omgewing? Watter woorde leer die kind die eerste aan, en wat is sy woordeskat op verskillende leeftye? Met watter Afrikaanse klanke vind hy die grootste moeilikheid? Watter rol speel analogie by sy verbuiging, woordvorming, woordorde? ens. Maar dit baat nie om sonder plan of metode te werk te gaan nie. Daarom wil ek u 'n paar boeke aanraai om eers te bestudeer. Uit die groot aantal wat daar bestaan, kies ek een Duitse: C. en W. Stern: *Die Kindersprache*, (Quelle und Meyer, Leipzig), en twee Hollandse: J. van Ginneken: *De Roman van een Kleuter* (Malmberg, 's Hertogenbosch-Antwerpen) en S. Rombouts: *De Psychologie der Kleutertaal* (Malmberg, 's Hertogenbosch-Antwerpen). Verder sal u in 'n tydskrif soos „De Nieuwe Taalgids” verskeie artikels vind wat lig werp op die ontwikkeling van die taal van die Hollandse kind.

LITERATUUR

Soos in teks genoem.

*) Oor die Ontstaan van Afrikaans.

VERSKEIDENHEID IN ONS TAAL I

(DIALEKTE)

Die feit dat die Afrikaner van die Kaap tot die Zambesie een taal praat, met haas geen dialektiese verskille nie, het al dikwels die aandag getref van taalgeleerdes en andere. En hierdie betreklike eenvormigheid was 'n gelukkige omstandigheid vir die ontwikkeling van ons kultuur, want met groter verskeidenheid sou die verheffing van Afrikaans tot kultuurtaal met baie groter moeilikhede gepaard gegaan het.

Maar nou wil ek u in hierdie praatjie aantoon dat, hoewel ons merkwaardig vry is van die menigvuldige dialektiese skakeringe wat o.a. in Europese lande aangetref word, die eenvormigheid van Afrikaans tog lank nie so groot is as die oppervlakkige opmerker miskien geneig sou wees om te dink nie. En ook dit is 'n gelukkige omstandigheid, want eenvormigheid is eentonig en ondoeltreffend, verskeidenheid gee kleur en uitdrukkingskrag aan 'n taal. Om 'n beeld aan die landelike lewe te ontleen: as die hele wêreld een miellieland was, sou dit maar 'n treurige plek gewees het om in te woon.

Om mee te begin, weet iedereen dat ook ons verskil maak tussen plat taal en beskaafde taal, want wie voel nie dadelik die verskil tussen *bek* en *mond*, tussen *eet* en *vreet*, tussen *doodgaan* en *vrek* nie? En die beskaafde taal self lewer ook voldoende verskeidenheid op. Wie herinner hom nie hoeveel moeite wisselvorme soos

baing, banja en baie; waatlemoen, wartlemoen en waterlemoen; aartappels, ertappels, artappels en ertappels; skryf en skrywe; môre en more; word en worde; (hy het daarna) informeer en geïnformeer; prent en print; ken en kin; en nog honderde andere, aan die opstellers van ons spelreëls veroorsaak het nie? Die „Akademie” het geprobeer om hulle so ver as moontlik uit te skakel en, vir ons skryftaal altans, waar moontlik net een vorm te kies, en nog krioel dit ook daar van wisselvorme. Dit is niks om ontsteld oor te raak nie. Ook ander tale toon wisselvorme in die skryftaal aan, en solank as daar geen verwarring deur gestig word nie, is hulle daar niks slegter om nie. Ek konstateer hier alleen maar die feit.

Kom ons nou by die kwessie van dialekte, dan mag ons wel dadelik die vraag stel of die bewering wat 'n mens so dikwels hoor, nl. dat daar in Afrikaans geen dialekte is nie, wel juis is. Dit is 'n moeilike vraag om te bespreek omdat die deurslag-Afrikaner wat geen buitelandse ervaring het nie, hom geen duidelike voorstelling kan maak van wat eintlik 'n dialek is nie. Laat ek dus hier sê dat ons in Europese lande bv. dié toestand kry dat die minder-ontwikkelde bevolking — en dikwels ook die ontwikkeldes — van bepaalde streke 'n vorm van hulle moedertaal praat wat min of meer sterk afwyk van die algemeen beskaafde vorm. Die afwykinge kan op allerlei gebied voorkom: die klankleer, die woordeskat, die verbuigingsleer en die sintaksis. Hierdie afwykinge verskil van plek tot plek, sodat ons gewoonlik 'n hele aantal dialekte kry. Dikwels is dit moeilik om hulle van mekaar af te baken, want hulle vloei in mekaar. Tog is dit maklik genoeg om te sien dat die gebied van elke afsonderlike dialek, in vergelyking met die algemene taal, beperk is. Die dialekte het gewestelike geldigheid, terwyl die algemene taal vir die hele land moet diens doen. Dat daar ook

in Afrikaans sulke gewestelike verskille is, het ons reeds gesien, maar die vraag is of die verskille groot genoeg, en gevestig genoeg, is om van aparte dialekte te kan praat. Hiervoor kan ons alleen maar 'n subjektiewe maatstaf aanlê, maar ek dink u sal met my saamstem dat daar minstens twee vorme van Afrikaans bestaan wat so ver van ons algemene taal afwyk dat ons in daardie gevalle van dialekte kan praat, nl. die Afrikaans van Maleiers en Griekwas.

Ieder wat vir die eerste keer in die Kaapse Skiereiland kom, word al dadelik getref deur die sterk afwykende taalvorme wat hy uit die mond van die Maleiers hoor: „Djong, het djy gesien hoe Hemmeltens Saragmarrag die Stêmbosse outjies geplant het?” „A nie a djong, djy gie my ma net twalap, dit kos mis trêpes.” „Ek het mis fe djou gasê Gammatjie het die hond se stêtjie afgakap.”

Hierdie Maleiers wie se voorouers sedert die sewentiende eeu, ditsy as slawe, ditsy as politieke bannelinge na die Kaap toe gekom het, het Afrikaans heeltemal oorgeneem as hulle moedertaal, en dit word van ouer op kind voortgeplant. Daar kan dus geen twyfel aan bestaan dat ons hulle spraak as 'n vorm van Afrikaans moet aanvaar nie. Dit onderskei sig op die gebied van die woordvoorraad egter van algemeen beskaafde Afrikaans aan die een kant deur die voorkom daarin van 'n aantal Oosterse woorde, soos *hadjie* (pelgrim na Mekka), *kaparrangs* (hout-sandale), *bingo* (deurmekaar), *lebaran* (Mohammedaanse fees), *maroe* ('n tweede vrou neem), *moesla* (bidmat), *tonka* (priesterstok), wat nie gebruiklik is onder Afrikaners nie, aan die ander kant deur die groot aantal Engelse woorde wat gedurende die laaste eeu daarin opgeneem is, soos bv. te hore is in 'n diensmeide-sinnetje soos die volgende: „En besides, ek moet nog clean towels in die gentleman se room gaan sit.” Op die gebied van die klankleer merk

ons bv. op die geslote uitspraak van die lang klinkers *e* en *o* as *ie* en *oe* in woorde soos *bien* en *boem*, 'n uitspraak wat ook wyd verbreid is onder Europeane. Verder die voorvoegsel *ga-* vir *ge-*: *gasê*; die agtervoegsel *-ag* vir *-ig*: *lewendag*; die uitspraak *dj* vir *j* in *djou*, ens.; die uitspraak as affrikaat van *tj* in die verkleinings-uitgang: *outjie*; die neiging om *r* in sekere posisies te laat wegval: *fe* (*vir*), *pêťjie* (*perdjie*), *stêťjie* (*stertjie*), ens.; sterk sametrekkinge: *twalap* (*twee oulap*), *Sarag* (*Saterdag*), ens., ens.

Hierdie voorbeelde is seker al bewys genoeg dat ons alle regverdiging het om van die taal van die Maleiers aan die Kaap te praat as 'n dialek van Afrikaans.

Die Griekwas is afkomstig van 'n Hotnotstam met wie die Hollanders al kort ná die stigting van die volksplanting aan die Kaap in aanraking gekom het. In ons oudste reisbeskrywings word hulle Chariguriqua of Griguriqua genoem, en Kolbe vermeld in die begin van die agtiende eeu dat hulle in die nabyheid van St. Helenabaai woon. Hulle moet al baie gou die Hollandse taal op 'n manier aangeleer het, want vandag is Afrikaans hulle moedertaal hoewel hulle al vroeg na die Noorde toe begin wegtrek het. Omstreeks die middel van die agtiende eeu woon Adam Kok, die stigter van die Griekwanasie, in die buurt van Piketberg, maar voor die end van die eeu het hy hom in Namakwaland, nie ver van die Grootrivier af nie, gevestig.

Die Griekwas het baie wit bloed in hulle opgeneem en van die begin af kan hulle in twee hoofgroepe verdeel word. Een groep, waarin die blanke element sterk verteenwoordig is, word die Basters genoem. Hulle tuiste is teenswoordig by Rehoboth in Suidwes-Afrika. In die ander groep, die Griekwas genoem, is daar minder blanke bloed, maar hulle is vermeng met vryverklarde slawe, Korannas, Batlapin, Boesmans, ens. Hulle woon teenswoordig verspreid in Griekwaland-Wes, die suidelike

Vrystaat en Griekwaland-Oos. Die taal van die twee groepe berus op dieselfde grondslag, maar tog is daar ook heelwat verskil.

Hier is nou 'n voorbeeld van die taal van die Griekwas van Fauresmith:

Ek en broer Oerson het gelê oor na die kantiense toe mit mening sam om te lê staan bottel koop, want ons was dôrs. Ons was nie lank daar by die kantiense nie of ons was ver heen met die lyf sam. Toe sê ek: „Broer, jy moet lat ons lê troei hoeistoe want daar kom 'n verskriklike weer aan, opdat die weer ons nie beseet nie.”

„Wag dan, ou broer, laat ek hom eers betreg. Ja, broer, hy sal ons beseet.”

Toe had ons gelê opklum troei hoeistoe met bottel sam. Ons was nog nie ver weg nie, daar had die weer ons in die hande. Dat was 'n verskriklike weer. Dat was 'n een blits op 'n anner en 'n een donner op 'n anner donner. Daar doiwel broer Oerson van die perd af wegens onbekwaamheid. Ek was ook maar ver heen onbekwaam en kon ek hom nie daar op die perd help nie. Toe had ek gesien ons had 'n bletjie gelê stan oortree. Toe had ek vir m'n so 'n endjie daarvandaan lê stan gemaak. Toe had ek gesê: „Aitsê, Here, das tog nie ek wat so gelê stan oortree het nie; das broer Oerson; daar lê hy; piets hom.”

Die dag sal ek nooit vergeet nie, want ons had amper gedôd wegens onse owertrading.

Hier is 'n voorbeeld van 'n gesprek met 'n ou Griekwa van Kokstad:

S.: Hoe gaan dit met julle Griekwas hier op Kokstad?

G.: Sôs my hêr sien, oens beseet vandag amper neeks, die liewe ees baie swaar.

S.: Waar is jy gebore? Op Philippolis?

G.: Ja, my hêr, daar bôre êk.

S.: Leef hier nog baie van Adam Kok se kinders?

G.: Sy hele keners ees gadaan.

S.: Is hier nog baie mense wat leef uit die tyd van Kok?

G.: Nee, my hêr, heule ees gedaan dôd.

S.: Sal jy my 'n bietjie vertel hoe dit hierlangs gelyk het in die ou dae?

G.: Hoe sal eek vir my hêr die goete uutlê? Sôs die goete begeende had, sô had dat aangegaan tot nu toe.

'n Rehoboth-Baster skrywe as volg aan sy beminde:

Lievste M.,

Ik mankeer absolut niets. ik is baje stories angedra maar ik het moes al vir jou gezeh dat ik my nie daran steur nie. Ik glo hullemaal an jou dat je voor jou goed gedrag het, maar my gevoelentheid van gister wil nog nie hullemaal van myn hart gaan.

Ik zal maar vanavond gaan dans om weer plezierag te word.

Baje groete,

Je Swiethart.

U merk aan hierdie staaltjies van Griekwataal dat die afwykinge van algemeen Afrikaans so groot is, dat ons stellig ook hier van een of meer dialekte van Afrikaans kan praat. Dr. J. H. Rademeyer wat 'n deeglike studie van die onderwerp gemaak het, was in staat om in sy boek waaraan ek hierdie voorbeelde ontleen het, lang lyste te publiseer van klanke wat hulle

anders uitspreek as ons, van woorde wat hulle gebruik en ons nie, of wat hulle in 'n ander betekenis as ons gebruik, van konstruksies soos dié met *lê stan*, van afwykende morfologie. Opmerklik is veral dat hulle 'n aantal ou Hollandse woorde en klanke behou het wat ons nie meer gebruik nie en dus vir ons deftig klink, woorde en woordvorme soos: *dat* (vir *dit*), *opdat*, *wegens*, *my hêr* en 'n uitspraak soos *uutlê*, en by sommige ook *huus*, *tuun*, ens., vir ons *uutlê*, *huis*, *tuin*, ens. Dit moet kom deurdat hulle vroeg taamlik geïsoleerd geraak het en daardeur eienaardighede van Hollands bewaar het wat in algemene Afrikaans verlore gegaan het. Maar origens kon hulle op die duur nie vry bly van vreemde invloede nie. So sluit die jonger geslag in Afrikaansspreekende streke hulle meer en meer aan by algemene Afrikaans. In Engelssprekende distrikte, soos by Kokstad, word die taal van die jongeres 'n hopelose mengelmoes van Engels en Afrikaans, en in Suidwes het Duits al sterk spore nagelaat op die taal van die Basters.

Hier het ons nou twee tipes van kleurling-Afrikaans gehad wat ons kan bestempel as dialekte van Afrikaans. Kan ons miskien ook praat van 'n dialek of dialekte van Afrikaans onder Kaffers? Ons herken immers sinne soos: „Die watellemoen ons sal eet, maar die kweper ons sal gooi weg,” „Hoekom Baas make so lelik?,” „Die man sal kom morre,” „Die baas het gesê gister, ons moet maak vuur by die kraal, ons kan brand die kalk,” as afkomstig uit die Bantoemond.

Nee, hier het ons iets anders. Sover my bekend het ons nog nêrens groepe Kaffers wat Afrikaans as moedertaal praat nie. Hierdie tipiese staaltjies van Kafferspraak is dus nie dialektiese Afrikaans nie, maar brabbeltaal—gebroke Afrikaans. Eers as dit van ouer op kind oorgelewer word as moedertaal van een of ander groep, sal ons van 'n dialek kan praat.

Maar hoe is dit nou gesteld met dialektiese verskynsels in die Afrikaans van Afrikaners self? Hierdie vraag hoop ek in my volgende praatjie te beantwoord, waar ek hoop om ook op ander soorte taalverskeidenheid by ons te wys.

LITERATUUR

Literatuur oor Sosiale Taalkunde is opgegee by No. 1. 'n Bruikbare opsomming van Nederlandse Familiële en Sosiale Taalkringe is o.a. ook te vind in GERTENBACH en VAN SLOOTEN: *Eenige belangrijke Verschijselen*, ens.

Die taal van die Kaapse Maleiers is, behalwe in HESSELING: *Het Afrikaans*, ook bespreek in 'n aantal artikels van J. L. M. FRANKEN in *Die Huisgenoot* van 1930 en in I. D. DU PLESSIS: *Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.).

Oor die taal van die Griekwas bestaan daar die deeglike studie van J. H. RADEMEYER: *Kleurling-Afrikaans. Die Taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam) en 'n reeks artikels van D. H. VAN ZYL in *Die Huisgenoot* vanaf 5 Mei 1939.

VERSKEIDENHEID IN ONS TAAL II

(PLAASLIKE VERSKILLE)

In my vorige praatjie het ek daarop gewys dat ons twee tipes van kleurling-Afrikaans, nl. die taal van die Maleiers en van die Griekwas, kan bestempel as dialekte van Afrikaans. In hierdie praatjie wil ek allereers die vraag met u bespreek of ons ook kan praat van dialekte in witmens-Afrikaans.

Nou weet iedereen dat daar plaaslike verskille is in Afrikaans soos dit deur witmense gepraat word. Iedereen kan bv. maklik die Bolander van die Ondervelder onderskei aan sy spraak. Tog is die verskille nie groot en omvangryk nie. Die bewoners van Stellenbosch en van Soutpansberg het bv. geen moeite om mekaar te verstaan nie. As ons hierdie toestand vergelyk met Europese lande waar die taal van naburige dorpe, of selfs van aparte gedeeltes van dieselfde stad, dikwels sterk van mekaar verskil, en die bewoners van verskillende provinsies soms die grootste moeite het om mekaar te verstaan, dan sal ons besef dat die verskille in Afrikaans maar uiters gering is en dat ons moet huiwer om van dialekte te praat. Daarby kom dat 'n dialek iets is wat 'n sekere tradisie agter hom het, wat in sekere mate gebonde is aan 'n lokaliteit. Suid-Afrika is egter ten opsigte van sy blanke bevolking nog 'n jong land; sterk uitgesproke taalverskille het dus nog nie tyd gehad om te ontwikkel en gevestig te raak aan 'n lokaliteit nie. Weliswaar kan ons in die Suide reeds tot op sekere hoogte praat van die taal van die Boland, van die Karoo, van

die Oostelike provinsie, ens., maar die Noordelike provinsies is eers veel later deur blankes bewoon en die bevolking bestaan uit mense wat uit verskillende oorde saamgevloei het. Trouens hierdie verskuiwing van die bevolking het nog nie opgehou nie. Die gevolg is 'n nuwe spraakvermenging waarin verskillende elemente stry om die oorhand. Eers as hierdie stryd so ver gevorder het dat 'n bestaanbare vergelyk getref is, sal ons kan praat van 'n gevestigde streektaal. Op die oomblik is die hele toestand in die Noorde egter nog vlottend. Verskillende families in dieselfde plek praat soms verskillend, en tussen naburige plekke is die verskille dikwels van so 'n aard dat geen vaste lyne getrek kan word nie.

Soms hoor 'n mens praat van die eienaardige taal van een of ander plek of groep, soos van die Namakwalanders en Boesmanlanders, van groepe persone in die Suid-westelike Kaap, van die Angolaboere wat nou in Suid-Wes gevestig is. Hierdie opmerkinge word gewoonlik gemaak deur vreemdelinge vir wie daardie taalvorme snaaks klink en by wie dit dikwels die spotlus opwek. Maar die taal van hierdie kleiner groepies is nog nie voldoende wetenskaplik ondersoek om ons in staat te stel om te sê of ons hier nou werklik met aparte dialekte te doen het nie. Dis 'n taak wat nog op ons taalwetenskap lê en wag.

Alles te saam geneem doen ons dus die verstandigste deur voorlopig maar nie van dialekte in witmens-Afrikaans te praat nie. „Plaaslike verskille” sou 'n beter term wees. Ook in Europese lande bestaan daar, afgesien van dialekte, sulke plaaslike verskille in die Algemeen Beskaafde Taal. In Nederland bv. is daar 'n Groningse dialek en verskeie Hollandse en Limburgse dialekte. Maar ook wanneer die Groninger, die Hollander, en die Limburger Algemeen Beskaaf praat, kan jy duidelike verskille in hulle spraak waarneem. So kan 'n mens ook dadelik die Engelsman van Suid-Engeland, die Yorkshireman, die Skotsman, die Ier, aan hulle spraak

herken, ook wanneer hulle „Standard English” praat. En ’n dergelike toestand heers daar ook in ander lande. Nou, in Afrikaans is die verskille meer van die aard van die plaaslike verskille in die beskaafde taal van die ouer lande, as van dialekte. Ons moet egter onthou dat ons naas beskaafde taal, ook in Afrikaans plat taal het.

Hierdie plaaslike verskille is nog glad nie deeglik en sistematies ondersoek in Afrikaans nie. Die breeds opgesette werk daarvoor is *Ons Geselstaal* van G. R. von Wielligh (v. Schaik, Pretoria). Hierdie werk verdeel ons spraakgebied in nie minder as tien spraakafdelings nie, maar die massa interessante feite-materiaal wat dit bevat is glad nie wetenskaplik versamel of verwerk nie, sodat dit vir ’n sistematiese oorsig vrywel waardeloos is. ’n Hoofstuk oor Afrikaans in Van Ginneken se *Handboek der Nederlandsche Taal* is deur gebrekkige en foutiewe gegewens eweneens waardeloos. Met ’n deeglike ondersoek oor hierdie onderwerp moet dus feitlik nog ’n begin gemaak word. Voorlopig is ons nog aangewese op verspreide stukkies en brokkies informasie wat hier en daar versamel is. Hier lê dus nog ’n interessante arbeidsveld oop vir liefhebbers van ons taal en ek laat ’n paar aanwysings, geput uit eie studie en ondersoek, volg om u die aard van die taak wat op arbeiders wag te laat sien:

Die algemeen aanvaarde metode van breër opgesette dialekondersoek is teenswoordig die sogenaamde kartografiese, d.w.s. die ondersoeker stel ’n aantal sinne en vrae op wat die feite aan die lig kan bring wat hy soek. Hierdie vrae, bv.: „Hoe word by julle die woorde *boom*, *been*, *seun*, *aartappel*, uitgespreek?” — „Onder watter naam is die *tarentaal*, die *lewerkie*, die *laksman*, die *appellievie* by julle bekend?” word dan aan bevoegde persone in soveel plekke as moontlik vir beantwoording gestuur, en die antwoorde word met verskillende tekens op ’n kaart van Suid-Afrika aangedui. Wanneer ’n mens

genoeg antwoorde het om die hele land te dek, is jy in staat om lyne te trek vir die gebied waarbinne, sê *boem* en *boam* en *boom* gesê word. So ook kan 'n mens grenslyne trek vir die gebied waarin bv. *appellievie*, *appel der liefde*, en *pompemoer* gebruik word. Hierdie lyne word *isoglosse* en *isofone* genoem. Deur die lyne te bestudeer en te kombineer kan 'n mens dan sekere dialekgebiede vasstel. Interessante verskynsels om in Afrikaans te bestudeer is juis die uitspraak van woorde soos die genoemde waar ons die lang *e*- en die lang *o*- en die *eu*-klanke het. Verder die uitspraak van die verkleiningsuitgang, van die *r*, van woorde soos *padda* naas *parra*, *kind* naas *tjind* en *kjiënd*, *geld* naas *sjeld*, *klont* naas *tlont*, ens. En dan ook die woordgebruik.

Volgens hierdie metode is in Frankryk en Duitsland o.a. hele taalatlasse samegestel en in ander lande word ook daaraan gewerk. Die bevinding was egter dat 'n mens nie al te vaste grenslyne moet verwag nie, want die oorgange vind geleidelik plaas. In Suid-Afrika is die taak, deurdat ons land nog so jonk is, egter geweldig moeilik. Die voorlopige aanduidinge is dat 'n mens miskien in die Suide taamlke lyne sal kan kry, maar in die Noorde is die toestand nog so onvas dat dit uiters twyfelagtig is of dit moontlik sal wees, terwyl ons in die groot stede so 'n samestroming uit alle oorde het dat ons daar van alles en nog wat kry. Dit neem egter nie die verpligting van ons weg om uit te vind hoe die toestand dan werklik is nie.

Op hierdie manier kan ons ook meer te wete kom omtrent die aandeel van verskillende Nederlandse dialekte as grondslag van ons taal—'n onderwerp wat nog lank nie uitgeput is nie.

'n Ander interessante metode van ondersoek sou wees om uit te gaan van die haarde van vreemde invloed en hulle uitstralingsgebiede.

Ons weet bv. dat die veelbesproke Maleis-Portugese invloed van vroeër hoofsaaklik beperk was tot die Kaap en onmiddellike omgewing. Vandaar dat ons nog baie meer Maleis-Portugese woorde in daardie gebied kry as in die binneland. Hoe sterk was daardie invloed en hoe neem die invloed af as ons ons verwyder van daardie haard af? — Dit is 'n vrugbare onderwerp vir ondersoek.

Die groot aantal Negerslawe wat daar vanaf die 17e eeu aan die Kaap was moet ongetwyfeld invloed op ons taal gehad het. Wat was dit presies? Het hulle miskien 'n aanmerklike invloed op ons uitspraak gehad, sodat ons vandag nog party klanke aan hulle te danke het? — Siedaar vrae wat ons miskien nooit sal kan beantwoord nie!

Met die Hottentotte het ons Hollandse voorouers al dadelik na die stigting van die provisiepos aan die Kaap in aanraking gekom. Vandag kan ons Hottentotse invloed op ons taal veral waarneem in die Noordwestelike Kaapprovinsie. Maar ook die Karoo is daar nie heeltemal vry van nie. Die verskillende haarde en hulle invloed in die loop van die geskiedenis sal 'n moeilike maar hoogs interessante onderwerp van studie wees.

Wat Engelse invloed betref, is iedere dorp en stadjie, elke skool in ons land, 'n vlammetjie, maar dan is daar die groter haarde van die regeringskantore, die groot stede, die Engelssprekende streke soos Natal en die Oostelike Kaapprovinsie. Hoe sterk het hierdie invloed deurgedring onder die Afrikaners van die stede en die platteland, en wat is die uitstralingsgebied van elke haard? — Dit is vrae wat ons alleen kan beantwoord deur die lewende taal van verskillende kringe in die verskillende centra uit die mond van die volk self op te vang en te bestudeer.

Oppervlakkige mense sal miskien geneig wees om te ontken dat die verskillende Kaffertale invloed op Afrikaans gehad het. Dat hulle dit mis het, kan ons al

dadelik sien as ons dink aan die groot aantal Kafferwoorde wat 'n taamlik algemene verbreiding in Afrikaans verkry het, soos *indoena*, *impie*, *oemfaan*, *kaboemielies*, *aikôna*, ens. Dat ons ook hier met bepaalde uitstralingsgebiede te doen het, kan ons daaraan sien dat daar in die Suidelike Kaap veel minder sulke woorde in gebruik is as in die gebiede waar Bantoe en witman meer in daaglikse kontak met mekaar kom. En dat die invloed op die duur nie beperk kan bly tot die ontlening van woorde nie, kan ons daaraan sien dat ons in plekke waar die boer in die reël gebruik maak van Kafferarbeid reeds sulke konstruksies in die mond van witmense hoor soos: „Die os, jy moet vang vir hom.” — „Sê vir hom, hy moet kom hier.” Ook hier het ons dus nog 'n ruim veld vir ondersoek.

U sien dus dat Afrikaans ook op die gebied van plaaslike verskille heelwat verskeidenheid oplewer, verskeidenheid wat 'n allerinteressantste studieterrein verskaf en met baie groot vrug kan aangewend word om ons literatuur lewendig, realisties, en uitdrukkingsvol te maak.

LITERATUUR

'n Uitvoerige uiteensetting van die metode van dialek-ondersoek word verskaf deur L. GROOTAERS en G. G. KLOEKE in *Handleiding bij het Noord- en Zuid-Nederlandsch Dialect-onderzoek* (Nijhoff, Den Haag), Deel I van *Noord- en Zuid-Ndl. Dialectbibliotheek*. Van dieselfde skrywers verskyn tans 'n *Taalatlas van Noord- en Zuid-Nederland* (Brill, Leiden).